

Kampioen duif op aanlyn skou Indian Fantail van Tommie Laubscher



Kampioen Birmingham Roller op Birmingham Roller skou van Nando Oosthuizen

Junie / June 2020



Reserwe Kampioen duif op aanlyn skou Old German Owl van Chris de Bruin

# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon



1ste Reserwe Kampioen op aanlyn skou Norwich Cropper van Hennie Visage



Beste Mookee op die Mookee aanlyn skou van Ruben Kitching

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Editorial / Redaksioneel 3
Vertellings van my vriend Jan Helberg
Christo Munnik 4
Aanlyn Whatsapp skou - Christo Munnik 6
Aanlyn Whatsapp skou - Chris vd Walt 6
Aanlyn Whatsapp skou - Peet Botha 7
Aanlyn Whatsapp skou - Pieter Neethling 8
Aanlyn Whatsapp skou - Wikus van Niekerk 9
Aanlyn Whatsapp skou - Raswenners
Christo Munnik 10
Collecting is worse than drinking -
Jan Lombard 15
OP Streek lede se lockdown - Featherlove 17
Brunner toes - Jan Lombard 19
Scoreboard and Rules 20


## Birthdays

**C048 - Rudolf Combrinck - 28-Jun**
**C008 - Coenie Naudé - 01-Jul**
**W068 - Piet Odendaal - 01-Jul**
**W039 - Willie Botha - 02-Jul**
**G011 - Diedie Esterhuyzen - 03-Jul**
**G014 - Seppie Esterhuyzen - 03-Jul**
**K048 - Cornel Gillmer - 05-Jul**
**C039 - Pieter Lourens - 07-Jul**
**W028 - Lourens Muller - 09-Jul**
**H070 - Morné Rix - 10-Jul**
**N012 - Chad Armstrong - 11-Jul**
**B036 - Johann du Plessis - 12-Jul**
**V034 - Hannes de Klerk - 12-Jul**
**G007 - Dawie vd Heever - 15-Jul**
**B016 - Jaide Nel - 16-Jul**
**B075 - Peter Quin - 20-Jul**
**B081 - Pieter Smit - 20-Jul**
**W078 - Paulus Marais - 21-Jul**
**N044 - Cora Munnik - 25-Jul**
**H059 - Graham Neethling - 29-Jul**

## Ill members

*None*

## Deaths

***Julian Fincham lid van Wes-Transvaal is oorlede op 13 Mei 2020. Ons gebede gaan uit na sy naasbestaandes en familie***

## Gotcha!!!!



***So groot ja.....***

## *Nuwe lede / New members*

### *Noord-van-die-Vaal*

***Shaun Smeda B090***
***6 Shirley Road, Vahalla, Centurion 0185***
***Sel: 072 190 0345***
***Birthday: 29/12/1980***
***Karel-Jan Smeda B091***
***6 Shirley Road, Vahalla, Centurion 0185***
***Sel: 072 190 0345***
***Birthday: 15/10/2008***

### *Oostelike Provinsie*

***Relton Arnolds K059***
***Narsigstraat 36, Asherville, Graaf Reinet 6281***
***Sel: 079 062 5681***
***Birthday: 21/7/1967***

### *Noord Vrystaat*

***Jaco Bester W079***
***Posbus 175, Deneysville 1932***
***Sel: 079 922 2177***
***Birthday: 11/7/1991***


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



**National Editor**

**Cora Munnik**

Wat maak 'n Onderwyser ?

Die gaste het almal om die etenstafel gesit en die lewe in die algemeen bespreek. Een man, 'n Uitvoerende Bestuurder, besluit om die hedendaagse probleem van onderwys te verduidelik. Sy argument, "Wat gaan 'n kind leer van iemand wat besluit het sy beste opsie in die lewe was om 'n onderwyser te word?"

Om sy argument verder te benadruk sê hy aan een van die gaste aan tafel; "Jy is 'n onderwyseres, Magda. Wees eerlik. Wat maak jy in 'n jaar as onderwyseres?"

Onderwyseres Magda, wat 'n reputasie gehad het vir haar eerlikheid en openhartigheid, antwoord, "Jy wil weet wat maak ek in 'n jaar?"

(Sy huiwer vir so 'n oomblik en begin ......)

"Wel, ek maak dat kinders harder werk as wat hulle gedink het moontlik is. Ek maak dat die ondergemiddelde outjie voel asof hy die hooste onderskeiding gekry het indien hy 'n C+ behaal. Ek maak dat kinders 'n hele 40 minute in 'n klas kan sit en werk terwyl hul ouers hulle nie eens sover kan kry om vir 5 minute stil te sit sonder 'n Ipod, skoot rekenaar of fliek nie. Wil jy regtig weet wat ek maak?"

(Sy huiwer weer vir 'n oomblik terwyl sy kyk na al die gaste om die etenstafel)

"Ek maak dat kinders wonder.

Ek maak dat hul ondersoek.
Ek maak hulle omverskoning vra en dit bedoel.

Ek maak dat hulle respek het vir hulself en vir ander en verantwoordelikheid neem vir hul aksies en dade.

Ek leer hulle hoe om te skryf en maak hulle om dan te skryf. Om op 'n sleutelbord te werk is nie alles nie.

Ek maak dat hulle lees en lees en lees.

Ek leer hulle hoe om somme te maak en wiskundige berekening te doen. Hul gebruik hul God gegewe verstand en nie 'n mens gemaakte sak rekenaar nie.

Ek maak dat hulle 'n liefde vir hulle taal ontwikkel terwyl hulle hul eie unieke kultuur identiteit bewaar en behou.

Ek maak dat my klaskamer 'n plek is waar elke student veilig en beskermd voel.

Laastens, maak ek hulle verstaan dat indien hulle hul talente gebruik wat hulle geskenk is, hard werk en hulle hart volg, kan hulle sukses in die lewe behaal."

(Magda huiwer nog 'n laaste oomblik en gaan dan aan,)

"Dan, wanneer iemand my probeer oordeel op wat ek in 'n jaar maak, kan ek my kop omhoog hou en hulle ignoreer want hulle is oningelig.


Jy wil weet wat maak ek in 'n jaar? Ek maak 'n verskil in almal van jul se lewens, voed jul kinder op en berei hulle voor om Uitvoerende Bestuurders te word, en Dokters en Ingenieurs, .....

Wat maak jy in 'n jaar, Meneer Uitvoerende Bestuurder?"

Sy mond val oop terwyl hy sprakeloos sit. Oorbluf deur haar teen argument.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



***Vertellings van my vriend Jan Helberg***

***Ingestuur deur Christo Munnik***

Toe ek myself nog afgesloof het in die soutmyne moes ek ‘n kursus oor veranderingsbestuur doen. Dis weer asblikdag en die geleentheid om die erf vir ‘n wyle te verlaat al is dit nou net tot op die sypaadjie.

Ek besluit dit is nou tyd om my veranderingsbestuurskennis toe te pas. Formele drag word verruil vir ‘n deurtrekker. Nou moet ek eers bieg. Ek het nie ‘n deurtrekker op my naam nie maar ons boere maak mos ‘n plan. Ek deursoek my klerekas en kry ‘n lekker lang serp. Dit is die ideale plaasvervanger. Met so bietjie eksperimentering kry ek hom om die noodsaaklike toe te maak en bo te bly.

Ek dink ek lyk nou meer na ‘n annoreksiese Sumostoeier wat in die middelgewigafdeling stoei.....al die gewig is om die middel. Met grasieuse bewegings, volgens my opinie, (Liefie sal natuurlik verskil) dans ek die oprit af met die swaargelaaide asblik. Liefie pak mos alles reg so die asblik word deeglik volgestop.

Ek sluit die hek oop en kyk straat op en straat af en weer straat op om seker te maak alles is veilig voor ek openbare gebied betree. Ons het mos mooi in graad 1 geleer wat om te doen voordat jy die straat oorsteek. Die enigste beweging in die straat is die buurt se rondloperbrak.

Met die min beweging in die omgewing is hy baie opgewonde om beweging te sien. Hy besluit om sy gebied teen my asblik te kom afbaken. Hy was nog besig om aan te le met sy arsenaal toe stamp ek my voete terwyl ek mooi vir hom beduie dat dit my asblik is. Ek het darem my gelapte Pee ee Pee stores plakkies, wat ek buite dra, aangehad wat toe nogal goed saamwerk om lawaai te maak.

Die straatbrak mis sy teiken totaal en al en merk sy ontsnaproete straat af. Ek vind toe ook uit dat hy Engels is want soos wat hy weghardloop skree hy heeltyd “Cherio, Cherio, Cheriooooo!” Ek dink sy voorouers kom seker van Suid Wallis af. Die deurtrekker val amper af van al die opwinding. Ek gryp en hol om myself liewers meer betaamlik te gaan aantrek.




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**




Desember 2019

## Ons verkoop

**Verskeie Duiwekosse** — **Groot verskeidenheid Duiwemedisyne**

**Skulpgruis (Grid) vir Voëls & Duiwe** — **Verskeidenheid Kos en Waterbakke**

## Asook

**Voëlsade - Voëls en Visse** — **Alle Troeteldierbenodigdhede**

# SASV / SAFPA

## Aanlyn Whatsapp Skou nog 'n Eerste in Suid Afrika
## Online Whatsapp Show another First in South Africa



### Aanlyn foto skou

**Christo Munnik**

Daar was voor hierdie aanlyn whatsapp skou, reeds twee ander skoue ook aanlyn gewees maar wat die skou uniek maak is dat dit die eerste alle ras skou van fotos af was wat hier in Suid-Afrika aangebied was. Die lede en nie-lede wat deelgeneem het was aanvanklik baie skepties oor die idee en almal het maar eers gesit en wag om te sien wat gebeur.


Harry Munnik en Chris de Bruin wat die ding begin dryf het, het toe gevra dat daar fotos van duiwe ingestuur word mooi van die kant geneem en as dit 'n duif met 'n kap of frill is, ook 'n foto van voor af. Daar is ook gevra dat so 'n tien sekonde video ingestuur word van duiwe wat gewoonlik op hulle beweging en "performance" beoordeel word.

Die bal is aan die rol gesit en baie duiwe is ingeskryf. Soos ons toe natuurlik op die einde gesien het was nie al die fotos regtig bruikbaar nie maar die skou het aangegaan. Ek het al die beoordelaars gekies om te beoordeel maar eers seker gemaak dat die SA's genomineerde beoordelaars voorkeur kry om die rasse te doen wat hulle sou beoordeel het tydens die SA's in Odendaalsrus, wat toe tydelik afgestel was weens die virus pandemie.

Ek dink in elk geval dat die aanlyn skou 'n groot sukses was en dat die beste duiwe moontlik die ras wenners was. Daar sal egter altyd maar 'n bietjie getwyfel word oor die wenners maar dit gebeur nog makliker op 'n lewendige skou.

Baie dankie aan almal wat deel gehad het en veral aan Harry Munnik wat homself oortref het met die verwerking van die fotos en al die administrasie wat hy op homself gevat het.

---



### Aanlyn foto skou

**Chris van der Walt**

**Ons eerste alleras 'virtual' skou.**

Covid 19 is the one event that changed everybody`s life. It definitely changed the fancy pigeon environment. You don't have to like this virus to admit that it was the single thing that did more for our hobby than anything else. All of a sudden everybody was at home except a few unlucky ones that was deemed emergency workers. We all had a lot of time on our hands. Lofts was jacked up. Lofts was cleaned and sanitized. And then we realized that we all of a sudden have spent more times in our lofts than ever before.

Then one afternoon I received a call from HARRY MUNNIK. He and his dad Christo Munnik wants to hold a virtual show for the Birmingham roller breeders. Well due to my nature I immediately said yes I want to be part of this venture. I was astounded


Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club ·

President
Chris de Bruin
Tel: 012 819 1594 (na ure)
012 420 0181 (kantoor ure)
e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com

Sekretaris
Peet Botha
Sel: 082 467 0996
e-mail: peetsandra@vodamail co.za

Februarie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

by the good nature how these Birmingham Roller breeders accepted the challenge. No fighting and good nature and everybody was enjoying this new "show". Then Harry and Christo pulled Chris De Bruin in as well. We decided that we would like to do a similar "show" and as you all know the rest is history.

Met duisende, ja duisende whatsapp boodskappe agter die skerms het ons ‘n stelsel bedink wat ons gedink het gaan kan werk. Dis hier waar die groot fotonemery begin het. Nie net ons nie maar die duiwevolk oor die land. Nie net SASV lede nie alle duiwe telers. Ons het ‘n groep op whatsapp gestig wat ons dan die ringkoppe gedoop het wat die skou moes bestuur. En dis hier waar die groot lag en pret plaasgevind het. Ja Christo Munnik het my weer in die oog gesit met ‘n dame wat ook baie praat en baie vrae vra. Dit is egter ‘n storie vir as ons ‘n bietjie brannas gebruik en n stukkie skaap brand op ‘n oop vuur.

Terug by die skou ding. Ek was uit my skoene verslae met die telers se entoesiasme en hulle foto neem vermoeëns. Wat my egter opgeval het van die hele skou is die lus vir skou wat in die tyd geheers het. Al die telers was nie so inskiklik soos die meeste nie. Soos altyd was daar ook maar die ou klompie negatiewe mense wat sommer vooraf besluit het dat dit nie gaan werk nie. Maar ons druk toe deur en begin die "skou". Sommer skielik begin die fotos toe instroom na Harry toe. Met die aanwys van die beoordelaars was Christo getaak om dit te doen. So gesê so gedaan.

Nou wil almal net hoor wat is die wenners. Tussen al die gefoto en beoordeling moet ek mense red en huise blus en nog slange vang ook.

Terug by die beoordeling. Die ringkoppe het hier, hard gewerk. Ons het beoordeel en ‘n oog gehou oor die verloop van die sake. Soos wat julle weet is die 3 aspirant senior beoordelaars dan ook betrek en ‘n goeie oefenlopie gegee in die beoordeling van top sewe en dan top 3 se aanwysing. Ek dink dit was vir hulle net so groot leerskool as wat ‘n regte skou sou wees. Moet se die manne het my nogals verbaas.

Wat my bekommerd gelaat het is die beoordeling van die rasse. Dit het in meer as een ras gebeur dat duiwe wat foute op die fotos vertoon het dan aangewys was as wenners. Dan het die duif met die minder foute 2de gekom. Ons het egter besluit dat die rasbeoordelaar se beslissing finaal is en dat ons gaan beoordeel met dit wat voor ons neergesit is. Wat ek wel agter gekom het is dat die ras beoordeling baie vining was. Ek weet dus nie of die rasbeoordelaars nie die konsep verstaan het en of hulle net te haastig was nie. Van al die inskrywings was daar net een duif wat rerig nie verteenwoordigend van sy ras was nie.

So moes ek die Working Homers beoordeel. My eerste vraag aan die ringkoppe was ”hoe de moer doen ek dit?" Munnik senior het net gelag en Harry het hom verlekker. ‘n Homer is ongelukkig ‘n ras wat jy moet hanteer om sekere aspekte te kan evalueer. Ek het besluit dat ek nie gaan uit chicken nie. Wel tot hede het ek nog geen besoek van die beenbreker bende gehad nie. Skielik het die ras my net weer laat besef dat dit wat ons nou mee besig was ‘n eerste probeerslag was en **dat dit NOOIT ‘n regte duiweskou sal kan vervang nie.**

Maar, ek moet sê dat dit die manne en dames gedwing het om weer in hulle hokke tyd te spandeer en met ‘n ander oog te kyk na wat daar in die hok sit. Ek het dan ook gesien dat ons eerste probeerslag nie sonder foute was nie MAAAR dat die duiwevolk ook nie almal altyd as skelms gesien moet word nie. MIN vertoners het die reëls gebreek. Baie het nie mooi geluister nie en het tekort geskiet. En volgens my medewete het ons nie een inskrywing gehad waar daar skelmstreke was nie. Dit maak my hart baie bly. Aan die 3 manne wat die top 3 duiwe vertoon het wil ek sê welgedaan. Aan die ander wat net fotos daar gehad het wil ek sê beter gedaan as die klomp ou negatiewes wat niks daar gehad het nie.



# *Aanlyn foto skou*

**Peet Botha**

**Ervaring van die online duiwe skou**

Ek deel graag my eie ervaring en hoe ek die hele foto neem proses benader het. Verder het ek nog nooit voorheen goeie fotos van duiwe met my selfoon kamera geneem nie. Hierdie was ‘n geleentheid om myself in hierdie aspek beter te bekwaam.

Eerstens het ek begin deur my iPhone beter te

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

leer ken deur gebruik te maak van die iPhone applikasies op die internet. Reaksietyd is vinniger gestel asook die foto kwaliteit is aangepas. Hierna het ek begin om 3 “photo booths” in te rig vir die verskillende rasse. Daar het ek gekonsentreer op agtergrond met kleur asook vloermatte wat die duiwe se kleur beter komplimenteer.

Die volgende stap was om die duiwe voor te berei. Trimmings was gedoen op verskeie duiwe. Duiwe is ook blootgestel aan hulle nuwe omgewing in die “photo booth”. Hulle moes vertroud en gemaklik raak binne die “photo booth” area. Toe volg die groot begin van fotos neem. Genoeg lig was ‘n probleem, omdat die weer heeltyd bewolk was. Ek het ook vinnig geleer om seker te maak ‘n selfoonlaaier is byderhand sodat wanneer ek nie fotos neem nie, die foon se battery kan laai.

Hierna was die uitdaging om die kamera op foon te bedryf en die duiwe aksie en staan te bemeester. Dit was n groot uitdaging en nie so maklik nie. Baie fotos is geneem en net die bestes is behou. Wat ek geleer het in hierdie hele nuwe uitdaging, is soos die spreekword se … jy is nooit te oud om iets nuuts te leer nie. Ek kan nou beter fotos met my selfoon kamera neem alhoewel dit nog nie goed genoeg is nie. My vaardigheid hiermee het verseker verbeter. Ek het die hele proses baie geniet en dit was ‘n goeie leersame tydverdryf gedurende die grendeltyd.

---



# *Aanlyn foto skou*

**Pieter Neethling**

Die dag wat ek sien op whatsapp van ‘n aanlyn skou was ek nogal verbaas en gewonder of dit sal werk...

Ek en Graham het gesels en besluit ons gaan nie skou nie as gevolg van kostes, lockdown in ons midde, spaar en spandeer versigtig, so tipies van my om net vinnig te lees en nie te kop nie.

Lockdown is nuut en lyk of alles wat ons droom en wil doen net gaan aanskuif of gaan verdwyn. Gesels toe met my ou pel in die Vrystaat, Chris vd Walt en sien dit is regtig bekostigbaar, beste waarde vir geld ooit op ‘n skou.

Ek en Graham spring toe met die selfoon en neem fotos dat dit klap, betykeer voel jy, jy kan die duif ook ‘n klap gee want bety wil net nie saam speel nie. My geduld omtrent getoets. Dankie tog vir my geduldige seun het ons dit klaar kon kry. Harry het alles so maklik kom maak en alles net glad laat loop.

Volgende kry ek ‘n Whatsapp van die Groot Bere en word genooi saam met Wikus en Peet as beoordelaars op te tree as ‘n prakties vir ons. Wat ‘n voorreg. Aanvanklik was dit nie te moeilik om die fotos te beoordeel nie, want vertoners het nie by die reëls van die skou gehou nie deur nie die regte fotos te neem nie.


Die finale raswenners kom toe deur en nou begin ‘n man rond te trap en wonder wat gaan gebeur. Ons is 3 manne en gaan ons saam stem met ten minste die 10 wat ons dink en dan die ou groottes, sal ons met hul ook saam kan stem,

Die standaard van duiwe was goed, maar fotos het nie altydl die duiwe se beste deur gebring nie. Dit was werklik sweet, hier weg, daar in, soek 10 top volgens my en dan verander ek weer. Vat my top 15 en dan word ek krities, tot my top 10 en dan top 8. Dan begin ek weer.......en weer......

Is regtig nie maklik om net na n foto te kyk terug na die standaard boek, lees en kyk, vertel myself en verskil met myself, stem dan weer saam en dan

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**

Januarie 2020




moet ek klaar maak, dinge moet tot 'n einde kom.

Moet sê ons 3 was nie te wyd van mekaar nie. Die Groot Bere het nie heeltemal saam gestem met ons nie, maar ons het darem saam gestem oor dit.

Dankie vir almal se goeie gees wat almal kon deel neem in die eerste online wat ek deel van was. Dankie vir diegene wat dit geinnissieer het. Dankie Harry vir jou geduld met ons as paneel met ekstra fotos wat ons wou hê.

Baie geluk aan die wenners, jul kan trots wees. Hoop ons doen dit weer

Groetnis



# *Aanlyn foto skou*

**Wikus van Niekerk**

Ek is onlangs gevra om as beoordeelaar op te tree met die fotoskou wat op WhatsApp gehou is. Ek was huiwerig om deel te neem want my reputasie as beoordeelaar is op die spel. Hier kan ek groot foute maak en my naam deur die modder sleep. Ek het oor die saak gedink en nogtans besluit om maar deel te neem.

In die eerste rondte moes ons raswenners aanwys. 'n Paar rasse is aan my toe vertrou soos die African Toys, die Helmets, Vienna LongfaceTumblers, die Komorners en die Lahores. Daarna is ek ookgevra om my top drie duiwe aan te wys uit al die raswennners. Die inskrywinngs is per ras aan my gestuur. Daar was 'n paar goed wat my gepla het:

- Ek kon nie die duif hanteer om kondisie, veergehalte, parasiete, skewe borsbeen ens. tebepaal nie.
- Ek kan nie die rasse wat moet perform se performance in die loopring sien nie tensy daar 'n video clip by was.
- Ek kon net in somige gevalle die ring sienom te sien of die duif reg ingeskryf was. Die geslagkon ek nie bevestig nie.
- Van die fotos was uiters swak. Die duif is van 'n vêr afstand geneem en die duif het spikkel klein en vêr op die foto vertoon.
- Fotos kon gemanipuleer word deur fotoshop wat sekere ongewensde vere verberg en kurwes op sekere plekke beter te maak.
- Van die fotos het nie die mees kritieke element van die duif afgeneem nie bv 'n foto reg van voor van die Sjinese Uil om sy penteloon, sy borstrik, ens. te wys nie.

Ek het die fotos van elke duif op die foon vergroot om alle dimensies beter te kan sien. Ek het by wyse van eliminasie eers die beste OM, OW, JM en JW bepaal. Ek het die fotos van 2de, 3de plekke, ens.gedelete en die beste OM, OW, JM en JW oorgehou en so by eindelik my raswenners gekom. Ek het 'n aanname gemaak dat al die duiwe se kondisie is dieselfde (goed) behalwe as ek vuil en swak vere, neus en pote kon sien.

Die duiwe wat swak getrim was het ek ook gepenaliseer want op enige skou moet ek'n plan maakmet my eie duiwe se ongewensde vere, bv. die Helmets wat duidelik nie vir skou voorberei was nie. Nog 'n aspek wat gepla het was die relatiewe grootte van die duiwe, byvoorbeeld die Lahores.'n Mens kan nie die grootte van 'n duif op enige foto meet nie want dit hang af hoe vêr is die kamera gehou.




**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Verder meer, die oogkleur kon nie altyd geverifieer word nie –miskien het ek‘n duif met ‘n gebreekte oog laat wen. Nogtans kon ek onderskei (op ‘n goeie en slegte foto) of die duif staan teen die regte profiel (of die duif station), is die duif wild wat heeltyd afbuk of die duif is mak en staan vir die kamera.

Ons duiweboere sal moet leer om goeie fotos te neem. Elkeen moet ‘n fotohok bou met ‘n agtergrondkleur wat nie die kleur van sy duiwe is nie. Hoe kan ek‘n wit duif teen ‘n wit agtergrond afneem?

Die beoordeling van die top 3 duiwe was meer interesant. Ek en nog twee aspirant senior beoordeelaars is gevra om ook ons top 3 aan te wys. Dit het my gewys dat paneelbeoordeling ‘n meer akkurate weergawe is as 3 tot 5 beoordeelaars dit doen en die uitslag is nie net die opinie van een mens nie. Dit moet ernstig oorweeg word om te minste 3 beoordeelaars te kry vir so ‘n skou en die punte gemiddeld te kry vir die beste duiwe. Selfs die senior beoordeelaars (ek dink daar was drie van hulle) het nie een by dieselfde top 3 duiwe uitgekom nie.

Ons het net voor die skou, ook ‘n Indian Fantail skou op WhatsApp groep gehou. Daar was omtrent 12 lede wat deelgeneem het en meer as 50 duiwe is vertoon elke vertoner kon stem vir sy nommer een, twee en drie duif, maar mag nie vir sy eie duif stem nie.Ons het per dag/aand net Ou Mannetjies hanteer, die volgende dag Ou Wyfies, ens. en op dag vyf die top twee van elke klas geneem om die top drie duiwe te bepaal. So het die hele WhatsApp groep by Tommy Laubcsher se Indian Fantail uitgekom wat ook die fotoskou gewen het. Ek was nie die beoordeelaar nie maar almal het gestem, ek ook. Ek het die finale punte (1steplek=3 punte, 2deplek=2 punte en 3deplek=1 punt) se koordinering gedoen – en almal was baie tevrede en het baie geleer. Daar moes ten minste twee fotos van elke duif wees, een van voor en ‘n syaansig en as dit kon, ‘n 3de foto van die stert van agter. Geen video’s is toegelaat nie want die Indian Fantail moet station.

Wat ek geleer het is dat: daar moet duidelike reëls wees. Ou fotos van ‘n jaar terug is gebruik, (want die duif het nou verveer) of die vertoner het net een foto ingestuur, wetende dit is tot sy eie nadeel as die beoordeelaar nie alle dimensies van die duif kon sien nie. Nog ‘n reël moet wees: daar mag geen kommentaar op ‘n duif wees op die foto-inskrywings voor en na beoordeling nie. Die vraag is, as die SASV sulke skoue toelaat sal die werklikeskoue taan? Ons kan nie rugby vervang met video games nie.

Ons Indian Fantail skou het al die lede op ons Whatsapp groep ingesluit, nie net die SASV lede nie, en so kom ons in aanraking met baie Indian Fantail telers wat nie SASV lede is nie. Dit kan ‘n groot werwingsbron wees. Tans is daar omtrent 30 lede wat Indian Fantail aanhou en teel, en baie is nie SASV lede nie. Ons Whatsapp skou was ook sonder inskrywings geld gehou. Die inskrywings was maksimum 3 per lid per klas (OM, OW, JM, JW) en ons het nie per kleurklas ingeskryf nie. Die skou moet nie ‘n seleksie tool wees waar iemand anders vir jou jou duiwe klas nie.Dit kanbaie data vreet as jy nie WiFi en/of selfoon data het nie, vreet die fotos baie geheue spasie.

# *Die raswenner fotos*



**Norwich Cropper**
**Hennie Visage**





**Brunner Pouter**
**Gerhard van Aswegen**




**Dutch Cropper**
**Floors van Wyk**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229




Holle Cropper
P&S Botha




King
George Bell




Gros Mondain
Floors van Wyk




Runt
Pieter Duvenage



American Giant Runt
Chris de Bruin



Mookee
Attie van Aswegen




Carrier
John Gerber



Dragoon
Graham Neethling



African Toy
Hein Hoffman




English Trumpeter
Erika de Kok



Fantail
P&S Botha




Modena - Schietti
Chris de Bruin



Modena - Gazzi
Pieter Labuschagné




Nun
Erika de Kok




SA Botternek Tumbler
Johan du Plessis



English C/L L/F Tumbler
Charl Naudé


Eng L/F Muffed Tumbler
Charl Naudé



Helmet M/F Crested
Erika de Kok


Vienna L/F Tumbler
John Gerber


Muffed Vienna L/F Tumbler
John Gerber


Komorner Tumbler
Tommie Laubscher



Felegyhazaer Tumbler
Tommie Laubscher


Hamburg Schimmel
John Gerber


Krosnodarer Tumbler
Erika de Kok


Old Dutch Tumbler
Awie Small


Oriental Roller
Gerhard van Aswegen


Portuguese Tumbler
Attie van Aswegen


Romanian Naked Neck
Tumbler John Gerber


Old German Owl
Chris de Bruin


Satinette
Erika de Kok



Blondinette
Erika de Kok


Italian Owl
George Bell



Chinese Owl
Gerhard v Aswegen


Birmingham Roller
Harry Munnik


SA Distance Roller
